

Direkte rede

Gebaseer op die storie *My eie spesiale donkie*

Ons gebruik aanhalingstekens om aan te toon dat iemand praat, byvoorbeeld, Stefanie kyk na haar pa en vra, 'Hoekom het Pa nie gisteraand vir my 'n storie kom lees nie?'

Ons open die aanhalingstekens net voor die persoon begin praat en sluit hulle wanneer die woorde voltooi is. As die gesproke woorde gevolg word deur woorde wat sê wie gepraat het, gebruik ons 'n komma, nie 'n punt nie, aan die einde van die gesproke woorde, byvoorbeeld, 'Ek moes na 'n vergadering van die donkietoevlugsoord gaan,' sê haar pa.

Aktiwiteite

1. Vul die aanhalingstekens by die onderstaande sinne in.
2. Soek die sinne met kommas aan die einde van die gesproke gedeelte en onderstreep dié kommas – nie al die kommas nie, net dié aan die einde van die gesproke gedeelte. Gaan jou werk saam met 'n maat na.

Wat is 'n toevlugsoord, Pa? vra Stefanie.

Dis 'n spesiale plek waar hulle omgee vir donkies en hulle versorg en waar niemand hulle kan pla nie, sê haar pa. Die probleem is dat hulle nie meer plek by die toevlugsoord het nie, en hulle kan nie enige nuwe donkies aanvaar nie.

Ons het baie plek op ons plaas, sê Stefanie. Sou ons nie 'n paar kon aanhou nie?

Ek weet, Stefanie, maar om donkies te versorg is baie werk. Ek het nie tyd nie.

Maar ék kan een donkie versorg! roep Stefanie uit.

Haar pa sug en sy sit sy koppie koffie neer. Dis nie net die tyd nie, Stefanie.

Donkies kos ook geld, sê haar ma terwyl sy vir Stefanie 'n snytjie roosterbrood gee.

Julle kan al my sakgeld kry, sê Stefanie.

3. Vul die **aanhalingstekens** by die volgende sinne in. Onthou 'n mens gebruik hulle net wanneer iemand praat.

Eendag kom die tandarts om Kosbaar se tande met 'n swart metaal vyl te vyl. Dit is langer as haar skool liniaal.

Hoekom is dit nodig? vra Stefanie.

Wanneer 'n donkie meer as twintig jaar oud word, begin sy tande skeef groei, sê die tandarts. As 'n mens nie sy tande vyl nie, sal hy nie kan eet nie. Dan kan hy doodgaan. Stefanie is verbaas en hardloop om haar broer te vertel wat sy so pas geleer het.

Later sê Stefanie se pa, Ek het 'n afspraak vir die perde by die hoefsmid gemaak. Hy kan net sowel Kosbaar se hoewe ook versorg.

Wat doen die hoefsmid, Pa? vra Stefanie.

Hy sal Kosbaar se hoewe ondersoek en sien of hulle te lank is en hulle dan korter vyl.

O nee, nie nog 'n vyl nie! roep Stefanie uit.

Moenie bekommerd wees nie, dit maak nie seer nie. Kosbaar se hoewe is soos jou vingernaels wat aanhou groei en geknip of gevyl moet word.

Nietemin maak Stefanie seker dat sy langs Kosbaar staan toe die hoefsmid kom, sodat sy hom kan troos indien hy bang word.

4. **Skryfoefening:** Maak 'n gesprek tussen jou en jou vriend op, oor julle gunsteling troeteldiere. Onthou om die aanhalingstekens(' ') in te vul wanneer jy begin praat, en weer as jy klaar gesels het.